HOËRSKOOL RANDBURG

**Algemene Oueromsendbrief nr. 08 van 2024**

4 April 2024

Geagte Ouer / Voog

**AFSPRAAKOUERAAND: 10 April 2024**

Die afspraakoueraand na afloop van die eerste kwartaal vind op 10 April 2024 plaas.

Let asseblief op die volgende om van hierdie oueraand 'n sukses te maak:

1. U is baie welkom om u kind se vordering of probleme met die betrokke vakpersoneel te bespreek. Indien u graag personeel wil spreek, moet die aangehegte afspraakskedule voltooi word.

2. Vul asseblief **een** strokie vir al u kinders in, sodat u afsprake nie bots nie.

3. Hierdie strokie moet in besit van u kind bly. **U kind neem die vorm na die onderwyser met wie u graag 'n afspraak wil maak. Die personeel sal op hierdie vorm die tyd van die spesifieke afspraak inskryf.** Afsprake duur slegs vanaf 17:00 tot 20:00.

4. U kind het die geleentheid om hierdie afsprake te maak vanaf ontvangs van die vorm tot 10 April 2024.

5. Die personeel sal in hul onderskeie lokale wees en u kind moet asseblief saam met u hierdie afsprake nakom. Geen afspraak sal toegestaan word as u kind nie teenwoordig is nie.

6. Ouers moet asseblief nie die afspraaktyd invul nie, dit kan slegs deur die betrokke personeel ingevul word.

7. Daar word versoek dat ouers met die betrokke vakonderwysers van **alle druipvakke** afsprake moet maak.

8. Indien u enige navrae het, is u welkom om die graadhoofde te kontak:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Gr 8 | M. Wentzel en L. Viljoen | Gr 9 | E. du Toit en J. Brits |
| Gr 10 | I. Wagenaar en S. Koutsouradis | Gr 11 | L. Naudé en T. van Deventer |
| Gr 12 | S. van Zyl en E. Engelbrecht | | |

9. **Slaagvereistes gr 8 tot 12**: Om van een graad na die volgende aan die einde van die jaar gepromoveer te word, moet 'n leerder aan die volgende minimum vereistes voldoen:
**Graad 8 en 9:** 50% vir amptelike huistaal, 40% vir tweede taal, 40% vir Wiskunde, 40% vir drie ander leerareas en 30% vir twee ander leerareas.
**Graad 10, 11 en 12:** 40% in drie vakke behaal waarvan een 'n amptelike taal op Huistaalvlak moet wees. 30% in drie ander vakke.

TEL: (011)782 6226/7 • FAKS: 0866 517 902 • Malibongwe Rylaan • Posbus 77252, Fontainebleau, 2032
EPOS: admin@global.co.za • WEBWERF: www.hsrandburg.co.za

Vriendelike groete.

P. Booysen
Skoolhoof

**AFSPRAAKVERSOEKE VIR OUERAAND VAN 10 APRIL 2024**

Ek, _____ ouer / voog van ondergenoemde leerder / leerders wil graag die volgende afspraak / afsprake maak / kan ongelukkig nie die oueraand bywoon nie.

| | NAAM VAN LEERDER / LEERDERS | GRAAD |
|---|---|---|
| 1. | | |
| 2. | | |
| 3. | | |
| 4. | | |

**10 April 2024**

| | ONDERWYSER | VAK | LEERDER | GRAAD | AFSPRAAKTYD |
|---|---|---|---|---|---|
| **1.** | | | | | **TOT** |
| **2.** | | | | | **TOT** |
| **3.** | | | | | **TOT** |
| **4.** | | | | | **TOT** |
| **5.** | | | | | **TOT** |
| **6.** | | | | | **TOT** |
| **7.** | | | | | **TOT** |
| **8.** | | | | | **TOT** |